BYLAAG 8

Dissiplinêre oortredings

23. (1) ’n Gevangene begaan ’n dissiplinêre oortreding indien hy of sy-

(a) oneerlik antwoord op regmatige vrae wat aan hom of haar gestel word deur ’n korrektiewe beampte of ander persoon wat in ’n gevangenis in diens is;
(b) ’n wettige bevel van ’n korrektiewe beampte verontagsaam of versuim om enige regulasie of order na te kom;
(c) beledigend is teenoor enige persoon;
(d) versuim of weier om enige arbeid of ander plig wat deur hierdie Wet opgelê of gemagtig is, uit te voer;
(e) agterlosig of nalatig is in verband met enige arbeid of plig wat opgelê of gemagtig word deur hierdie Wet;
(f) enige beledigende, onwelvoeglike of dreigende taal gebruik;
(g) homself of haarself onbetaamlik gedra deur woord, daad of gebaar;
(h) ’n aanranding pleeg;
(i) met enigiemand kommunikeer op ’n tyd wanneer of ’n plek waar dit verbode is;
(j) ’n onnodige geraas maak of ’n steurnis veroorsaak;
(k) die sel of enige ander plek waartoe hy of sy toegewys is, sonder toestemming verlaat;
(l) op enige wyse enige deel van die gevangenis of enige deel van die artikels daarbinne of enige staatseiendom skend of beskadig;
(m) ’n ongeoorloofde artikel besit;
(n) diefstal pleeg;
(o) ’n steurnis of oproer skep of daaraan deelneem of aanwakker of aan enige ander aktiwiteit deelneem wat waarskynlik die sekuriteit of orde in ’n gevangenis in gevaar kan stel;
(p) voorgee dat hy of sy ’n lid van ’n bende is of deelneem aan bende-aktiwiteite;
(q) ’n oneerlike beskuldiging maak teen ’n korrektiewe beampte of medegevangene;
(r) ’n identifikasiekaart of –dokument of enige uitgereikte artikel verberg, vernietig, verander, skend of wegdoen daarmee;
(s) ’n daad pleeg met die bedoeling om sy of haar lewe in gevaar te stel, sy of haar gesondheid te benadeel of sy of haar vermoë om te kan werk, benadeel; of
(t) ’n poging aanwend om enigiets bedoel in hierdie artikel te doen.

(2) ’n Gevangene wat ’n ander persoon bystaan, met hom of haar saamsweer of hom of haar aanhits om ’n bepaling van subartikel (1) te oortree, begaan ’n dissiplinêre oortreding.